# ’n Afkeer van Myself -

## *’n vraag en ’n antwoord*

## Vraag

Ek stuit telkens teen die “*homself ... mishaag*” in die Nagmaalsformulier. Ek lees nêrens in die Bybel dat Jesus vir iemand vra of hy homself mishaag nie. Ek lees net oproepe tot geloof en bekering.

## Antwoord

Die teenoorgestelde van self*mis*hae is self*be*hae. Selfbehae is om vol te wees van selfliefde; om myself al te hoog te ag. Die teenoorgestelde is om myself te mishaag. In selfmishae kom ek tot die ontdekking dat ek nie deug nie. Wat aan my is nie deugdelik nie? Ek is vol selfbehae. Alles draai meer om myself as om God. Ek mis die doel van my lewe. In die middelpunt waar God moet wees, het ek myself gestel. Luther het gesê: *Ons, sondige skepsels, glo in onsself asof ons self god en heer op aarde is. Ons sit verstrik in selfliefde, en draai om die as van ons eie-ek.*

Selfmishae is iets anders as om waardeloos te voel. Selfmishae is nie dieselfde as om aan ’n minderwaardigheidskompleks te ly nie. Sommige mense het ’n swak selfbeeld. Hulle is onseker en dink dikwels dat hulle nie tot iets in staat is nie. Hierdie gevoelens lê meer op die gebied van die sielkunde as op die gebied van die teologie. By die sielkunde gaan dit oor hoe ek teenoor myself staan. Selfmishae het betrekking op hoe ek teenoor God staan. Ek staan naamlik teenoor God, my Regter. Hy moet my oordeel. Lees Romeine 3:9–23. Paulus skryf hier oor wie ons is. Hy eindig met die gevolgtrekking dat die heerlikheid van God by ons almal ontbreek. Paulus bedoel: Ons gedra ons nie meer na die beeld of heerlikheid waarin ons almal gemaak is nie. Natuurlik is alle sonde nie dieselfde nie, maar niemand haal eers naastenby God se norm nie. Iemand het geskryf: By die hoer, die leuenaar en die moordenaar, ontbreek die heerlikheid van God, maar dit geld ook vir jou. Miskien staan hulle op die bodem van ’n myn en jy op die top van die Alpe, maar jy is net so min soos hulle in staat om aan die sterre te raak.

Die vraesteller skryf dat ons nêrens in die Bybel lees dat die Here Jesus ons oproep tot selfmishae nie. Letterlik is hy miskien daarmee korrek. Maar dié wat luister na die prediking van die Here Jesus, en wat Sy prediking beaam, moét homself mishaag. Dit kan nie anders nie. Die beeld wat Hy van ons skets, is nie rooskleurig nie. In Lukas 11:13 sê Jesus dat alle vaders sleg is. In Markus 7:21–23 gee die Here Jesus ’n kyk in ons hart. Wanneer jy daarop amen sê, moet jy aan jouself walg. Leef dít alles in mý hart? Is dit werklik ek? Ja, só is ek! Ek is sleg!

Selfmishae is ’n ander woord vir sondekennis. Die selfmishae groei namate jy die Here beter leer ken. Hoe meer ek God se grootheid, goedheid en liefde leer ken, hoe skuldiger voel ek, omdat ek die goeie God so min liefhet, vertrou en dien.

Die Kategismus handel daaroor dat ek hoe langer hoe meer bewus word van my sondige aard (Antw. 115). Dit is ’n proses. Hoe langer hoe meer. Jy kry ook nooit daarmee klaar nie. Daar is geen eindpunt nie.

Dit was die hoofman in Kapernaum wat gesê het: *“Ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie”* (Lukas 7:6). Dit is die verlore seun wat gesê het: *“Ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie”* (Lukas 15: 19). Dit was die tollenaar wat ver weg staan en bid het: *“O God, wees my, sondaar, genadig”* (Lukas 18:13).

Sondekennis is deel van die saligmakende geloof. Dit is weliswaar nie die volledige geloof nie, maar wel 'n wesenlike bestanddeel daarvan (Calvyn).

Sondekennis is 'n lewenslange metgesel van die gelowige:

> *By al my deug, by al my werke*
> *vind ek geen troos wat my kan sterk.*
> *Op U genade sal ek lewe.*
> *Op U genade die doodsnik gee.*

Wie gesond is, het nie 'n geneesheer nodig nie. Wie nie 'n sondaar is nie, het nie 'n Saligmaker nodig nie. McCheyne skryf in sy dagboek:

> *Hoewel ek 'n groot sondaar is, is al my sonde nie te swaar, nie te groot, nie te moedswillig om my te verhinder om na Christus toe te vlug nie. Die gewig van my sonde is soos die gewigte van die toringhorlosie. Hoe swaarder die gewigte, hoe vinniger gaan hy loop.*

Selfmishae dryf ons uit na Jesus toe. Hý is die Heiland van die sondaars!

JC den Ouden

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Awie Buitendag vertaal.*